



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

TOERISME

FEBRUARIE/MAART 2015

PUNTE: 200

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 25 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die instruksies aandagtig voordat jy die vrae beantwoord.


1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings.
2. Beantwoord AL die vrae.
3. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
4. Rond jou antwoorde in VRAAG 3.1.2 en 3.1.3 tot TWEE desimale plekke af.
5. Toon ALLE berekeninge.
6. Jy mag 'n sakrekenaar gebruik.
7. Gebruik die puntetoekenning by elke vraag as 'n riglyn vir die lengte van jou antwoord.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Die tabel hieronder is 'n riglyn om jou te help om jou tyd volgens elke afdeling in te deel.

AFDELING	ONDERWERP	PUNTE	TYD (minute)
A	Kortvrae	40	20
B	Kaartwerk en Toerbeplanning; Buitelandsevaluta- verhandeling	50	50
C	Toerismebesienswaardighede; Kultuur- en Erfenistoerisme; Bemarking	50	50
D	Toerismesektore; Volhoubare en Verantwoordelike Toerisme	30	30
E	Plaaslike, Streeks- en Internasionale Toerisme; Kommunikasie en Kliëntediens	30	30
	TOTAAL	200	180

AFDELING A: KORTVRAE**VRAAG 1**

1.1 Vier opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.20) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.21 D.

1.1.1 Die spotprent hieronder dui ... aan, wat 'n onvoorsiene gebeurtenis is.



- A protesaksie
B algemene verkiesings
C wêreldresessie
D algemene onrus
- 1.1.2 'n Negatiewe gevolg van Suid-Afrika se aanbieding van die 2010 FIFA-Wêreldbekertoernooi:
- A Daar was te veel buitelanders in Suid-Afrika.
B Daar was 'n afname/daling in die waarde van die rand.
C Daar was 'n vraag na toerismeprodukte en -dienste.
D Daar was 'n afname in plaaslike toerisme.
- 1.1.3 Die geskikste toeriste-aktiwiteit wat by die profiel van 'n avontuurtoeris pas:
- A 'n Besoek aan die Nasionale Vrouemonument in Bloemfontein
B 'n Sonsondergangvaart op die Zambezi
C Haaihokduik in Gansbaai
D 'n Stadstoer op die Kaapstadse oopdak-besigtigingsbus

- 1.1.4 'n Koste om in gedagte te hou wanneer 'n toerbegroting saamgestel word:
- A Persoonlike versekering vir internasionale reis
 - B Vervoer tussen terminale op dieselfde lughawe
 - C Gratis hotelpendeldiens
 - D 'n Reisprogram wat deur 'n reisagent opgestel word
- 1.1.5 'n Suid-Afrikaner wat vir hierdie reisdokument aansoek doen, moet 'n Suid-Afrikaanse identiteitsdokument en 'n voltooide aansoekvorm voorlê en 'n fooi betaal:
- A Paspoort
 - B Gesondheidsertifikaat
 - C Internasionale bestuurspermit
 - D Visum
- 1.1.6 'n Reisagent verduidelik aan 'n toeris hoe om sy horlosie te stel wanneer DBT in 'n sekere land toegepas word:
- A Stel sy horlosie 1 uur vorentoe
 - B Stel sy horlosie 1 uur terug
 - C Los sy horlosie soos dit is
 - D Verander sy horlosie na UTK-tyd
- 1.1.7 Vluguitputting verwys na ...
- A die vliegtuig wat gedaan is na 'n langafstandvlug.
 - B die moegheid wat 'n passasier ervaar na 'n langafstandvlug.
 - C ongemak wat ervaar word nadat oor baie tydsones gereis is.
 - D passasiers wat moeg is omdat hulle van die landkant na die lugkant van die lughawe beweeg het.
- 1.1.8 Die Alcazar, 'n groot klipkasteel wat in die vorm van die boeg van 'n skip gebou is, word in ... aangetref.
- A Portugal
 - B Pole
 - C Switserland
 - D Spanje
- 1.1.9 'n Voordeel van die gebruik van 'n voorafgelaaië buitelandse-valuta-debietkaart:
- A Beskikbaar in al die geldeenheide van die wêreld
 - B Gee toeriste toegang tot onbeperkte fondse
 - C Kan as bewys van identiteit gebruik word
 - D Kan by verkooppunte gebruik word

- 1.1.10 Een van die terugvoermetodes wat deur 'n lugredery gebruik kan word om hulle vlakke van kliëntetevredenheid te evalueer:
- A SMS-boodskappe
 - B Telekonferensies
 - C Notules
 - D Memo's
- 1.1.11 Die hoofsimptome van cholera:
- A Diarree en braking
 - B Rooi oë en hoes
 - C Geswelde voete en rugpyn
 - D Toename in eetlus en dors
- 1.1.12 'n Gedragskode in die werksplek:
- A Spesifiseer werknemers se diensvoorwaardes
 - B Gee riglyne oor kliënte se optrede
 - C Gee riglyne oor strafmaatreëls aan werkgewers
 - D Gee riglyne oor etiese gedrag aan werknemers
- 1.1.13 Suid-Afrika is ... van die UTK geleë.
- A oos
 - B wes
 - C suid
 - D noord
- 1.1.14 Die hoof funksie van hierdie openbare entiteit is om Suid-Afrika internasionaal te bemark:
- A NDT
 - B SATSA
 - C CATHSSETA
 - D SAT
- 1.1.15 ... kan as 'n politieke situasie beskou word wat 'n negatiewe uitwerking op die toerismebedryf in Kenia gehad het.
- A Siektes
 - B Aardbewings
 - C Terrorisme
 - D 'n Tsoenami






- 1.1.16 'n Suid-Afrikaanse toeris moet die volgende items verklaar voordat hy sy tuisland verlaat:
- A Kameras, skootrekenaars, iPads
 - B Parfuum, skoonheidsprodukte, medisyne
 - C Dokumente, tydskrifte, lêers
 - D Vrugte, vleisprodukte, suiwelprodukte
- 1.1.17 Wanneer daar vanaf Kaapstad (+2) na Dallas (-6) gereis word, is die tydsverskil ...
- A 8 uur vroeër.
 - B 6 uur vroeër.
 - C 8 uur later.
 - D 6 uur later.
- 1.1.18 Die term vir die valutabedrag wat 'n Suid-Afrikaanse toeris toegelaat word om in een jaar uit die land te neem:
- A Verbode goedere
 - B Reistoelaag
 - C Beperkte goedere
 - D Reistoewysing
- 1.1.19 'n Voorbeeld van korporatiewe maatskaplike belegging (KMB/'CSI') -aktiwiteite waarby toerismebesighede betrokke is:
- A Woon plaaslike en internasionale handelskoue by
 - B Vestig nuwe kantore in die buiteland
 - C Skenk toerismehulpbronne aan plaaslike skole
 - D Koop die nuutste rekenaarsagteware vir al hulle kantore aan
- 1.1.20 Hierdie organisasie sertifiseer toerismebesighede wat volhoubare toerismebeginsels nastreef:
- A TEP
 - B FTT
 - C NDT
 - D SAT
- (20 x 1) (20)

- 1.2 Gee EEN woord/term vir elk van die volgende beskrywings deur die woord/term uit die lys hieronder te kies. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.6 Skommeling.

BVK; JPY; verswakkende rand; ¥; wisselkoerse;
verstewigende rand; buitelandsevaluta-verhandeling; £; BAK; BBP

- 1.2.1 Die term wat gebruik word wanneer plaaslike valuta na buitelandse valuta omgeskakel word (1)
- 1.2.2 Valuta-inligting wat by die ontvangsareas van groot hotelle vir die gerief van internasionale gaste vertoon word (1)
- 1.2.3 Die koers wat 'n bank sal gebruik om die bedrag te bereken wat 'n Britse toeris in Suid-Afrika sal ontvang wanneer hy Britse pond vir ZAR verruil (1)
- 1.2.4 Wanneer die rand 'n bestendige afname teenoor die Britse pond toon (1)
- 1.2.5 Valutakode vir die Japannese jen (1)
- 1.3 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.3.6 paspoort.
- 1.3.1 Biometriese skandering word soms vereis wanneer daar vir (FOREX/'n visum) aansoek gedoen word. (1)
- 1.3.2 Die Klaagmuur en die Rotskoepel ('Dome of the Rock') is twee belangrike besienswaardighede in (Israel/Indië). (1)
- 1.3.3 'n (Geheime kliënt/Concierge) is 'n terugvoermetode wat deur 'n besigheid gebruik word om klantediens te evalueer. (1)
- 1.3.4 Die euro is die geldeenheid wat in (Switserland/Frankryk) gebruik word. (1)
- 1.3.5 Die (iSimangaliso Vleilandpark/Vredefortkoepel) is 'n Wêrelderfenisterrein wat deur die Vrystaat en Noordwes gedeel word. (1)

1.4 Kies 'n besienswaardigheid/ikoon uit KOLOM B wat by die prent in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.4.6 H

KOLOM A		KOLOM B	
1.4.1		A	Parthenon
1.4.2		B	Chichen Itza
1.4.3		C	Petra
1.4.4		D	Colosseum
1.4.5		E	Machu Picchu
		F	Ayers Rock
		G	Sfinks

(5 x 1) (5)

1.5 Gebruik die prente as leidrade om die blokkiesraaisel te voltooi. Vul VYF ikone, stede OF lande in wat 'n toeris sal besoek.

MOENIE die blokkiesraaisel in die ANTWOORDEBOEK oorteken nie. Skryf slegs die vraagnommer (1.5.1–1.5.5) en die antwoord neer, byvoorbeeld 1.5.6 Pisa

REIS DEUR DIE WÊRELD: BLOKKIESRAAISEL

1.5.1 V ↓

1.5.2 W →

1.5.3 C ↓

1.5.4 E ↓

1.5.5 G → ... D

1.5.6 P ↓

N

E

S

A

L

G

D

E

M

(5)

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B: KAARTWERK EN TOERBEPLANNING; BUITELANDSEVALUTAVERHANDELING**VRAAG 2**

2.1 Noukeurige roetebeplanning deur Suid-Afrika of oor 'n landsgrens sal 'n spanningsvrye reis verseker.

2.1.1 Verduidelik TWEE prosedures wat jy kan verwag wanneer 'n internasionale grens per motor oorgesteek word. (4)

2.1.2 Gee EEN rede waarom 'n reisprogram nodig is om 'n spanningsvrye reis te verseker. (2)

2.2 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

'n Suid-Afrikaanse pa en sy gesin vlieg na Livingstone in Zambië, naby die Victoria-waterval. Hy huur 'n motor in Livingstone vir die duur van hulle vakansie. Zambië is 'n hoërisiko-geelkoorsgebied.

2.2.1 Behalwe vir 'n paspoort, noem TWEE ander amptelike reisdokumente wat die Suid-Afrikaners wat na Zambië reis, sal benodig. (2)

2.2.2 Gee die gesin raad oor waar hulle die vereiste reisdokument kan bekom wat bewys dat hulle die nodige voorsorgmaatreëls teen geelkoors voor hulle vlug getref het. (2)

2.3 Bestudeer die prent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




2.3.1 Verduidelik die konsep van *belastingvrye inkopies*. (2)

2.3.2 Behalwe vir internasionale lughawens, gee TWEE ander voorbeelde van waar toeriste belastingvrye inkopies kan doen. (2)

2.3.3 Gee EEN rede waarom 'n 250 ml-bottel parfuum wat by 'n belastingvrye winkel in Dubai gekoop is, deur Suid-Afrikaanse doeanebeampies gekonfiskeer (op beslag gelê) sal word. (2)

2.4 Bestudeer die Wêreldtydsonekaart, lees die inligting wat gegee word en beantwoord dan die vrae wat volg.



2015 NOORD-AFRIKA-TOERISMEKONFERENSIE

Die 2015 Noord-Afrika-toerismekonferensie is in Rabat, 'n stad in Morokko, gehou. Die openingseremonie van die konferensie is op 17 Januarie 2015 om 21:00 op televisie regstreeks na verskeie lande uitgesaai. Marokko se tyd is by 0° UTK.

- 2.4.1 Bereken die tyd en datum waarop gesinslede van die afgevaardigdes van Lima, Peru, na die openingseremonie kon kyk as dit om 21:00 in Rabat, Marokko, begin het.

Toon ALLE berekeninge.

(4)

- 2.4.2 'n Japannese spreker is na die Noord-Afrika-toerismekonferensie genooi. Sy vliegtyd was 17 uur 30 minute. Hy het op 13 Januarie 2015 om 21:30 in Rabat aangekom.

Bereken die plaaslike tyd en datum wat hierdie vlug van die Tokio Narita Internasionale Lughawe vertrek het. Toon ALLE berekeninge.

(6)

- 2.4.3 Na sy lang vlug het die Japannese spreker gedisoriënteerd gevoel.

Noem die reistoestand wat sy disoriëntering veroorsaak het.

(2)

- 2.4.4 Marokko pas tussen Maart en Oktober DBT toe.

Gee EEN voordeel van die toepassing van DBT vir Marokko se toerismebedryf.

(2)

[30]

VRAAG 3

- 3.1 Bestudeer die wisselkoerstabel en banknote hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

LAND	VALUTAKODE	BBR	BSR
Verenigde Koninkryk	GBP	15.32	16.06
Europese lande	EUR	13.09	13.70
VSA	USD	9.57	9.89



- 3.1.1 Noem die geldeenheid wat op die twee banknote in die foto hierbo uitgebeeld word. (2)
- 3.1.2 'n Suid-Afrikaner keer terug van die land waar die geldeenheid in VRAAG 3.1.1 gebruik word.
- Tel die waarde van die twee banknote bymekaar en bereken dan die randwaarde daarvan wanneer die Suid-Afrikaner hierdie ongebruikte buitelandse valuta by die bank terugruil. (3)
- Toon ALLE bewerkings en rond jou antwoord tot TWEE desimale plekke af.
- 3.1.3 'n Suid-Afrikaner verruil R7 000 voor sy vertrek na New York.
- Bereken die bedrag wat hy in VS-dollar sal ontvang. (3)
- Toon ALLE bewerkings en rond jou antwoord tot TWEE desimale plekke af.

- 3.2 Bestudeer die wisselkoersgrafiek van die Suid-Afrikaanse rand tot die VS-dollar hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



- 3.2.1 Gee die waarde van die rand in verhouding tot die VS-dollar op 8 Oktober 2013. (2)
- 3.2.2 Die lyngrafiek toon daaglikse veranderings in die wisselkoers aan.
Gee die term wat vir hierdie veranderings in die wisselkoers gebruik word. (2)
- 3.2.3 Bepaal die datum en die waarde van die wisselkoers toe:
- (a) Die rand op sy swakste was (2)
- (b) Die rand op sy sterkste was (2)
- 3.2.4 Verduidelik TWEE maniere hoe 'n inkomende internasionale toeris wat Suid-Afrika besoek, se reisplanne en begrotings deur 'n verswakkende rand beïnvloed sal word. (4)
- [20]**






TOTAAL AFDELING B: 50

AFDELING C: TOERISMEBESIENSWAARDIGHEDE; KULTUUR- EN ERFENIS-TOERISME; BEMARKING

VRAAG 4

4.1 Bestudeer die foto's van die TWEE verskillende tipes toeriste en die besienswaardighede/ikone hieronder.

4.1.1 Kies 'n besienswaardigheid uit KOLOM B wat by die tipe toeris in KOLOM A pas. Skryf slegs die nommer (1–3) langs die vraagnommer (A en B) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld C 4.

KOLOM A (TIPE TOERIS)		KOLOM B (BESIENSWAARDIGHEID)	
A	 [Bron: aliexpress.com]	1	 [Bron: wirednewyork.com]
B	 [Bron: www.odt.co.nz]	2	 [Bron: www.istanbulvisions.com]
		3	 [Bron: www.tourismupdate.co.za]


(2)

4.1.2 Gee EEN rede vir ELK van jou keuses in VRAAG 4.1.1.

(2 x 2)

(4)

4.2 Bestudeer die feiteblad en kolomgrafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



4.2.1 Die Grand Canyon lok jaarliks miljoene toeriste.

Gee TWEE redes waarom die Grand Canyon so gewild is. (4)

4.2.2 In die grafiek hierbo word 'n afname in die getal besoekers na die Vryheidstandbeeld in 2011 opgemerk.

Verwys na die feiteblad en gee EEN rede vir hierdie afname. (2)

- 4.3 Bestudeer die tekenprent en die dialoog hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



Die boodskap hierbo beeld 'n bedreiging vir die berg Everest as 'n toeristebesienswaardigheid uit.

Dit is duidelik dat Tim en Tian teleurgesteld is oor die rommel/gemors wat hulle op die staproete gevind het. Indien die owerhede nie verantwoordelik teenoor die omgewing optree nie, sal toerisme na hierdie besienswaardigheid waarskynlik nie slaag nie.

Skryf 'n paragraaf waarin jy VYF voorstelle maak oor hoe hierdie omgewingsprobleem opgelos kan word.

(5 x 2) (10)

4.4 Lees die gevallestudie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



Besoekers is verseker van 'n ongelooflike seewêreld-ervaring

Die Durban uShaka Marine-wêreld is steeds suksesvol met 'n jaarlikse styging in besoekersgetalle. Die opgegradeerde strandfront, openbare wandelarea en toegewyde personeel het tot hierdie positiewe neiging bygedra.

Nuwe besienswaardighede sluit in:

- Winkels met 'n nuwe voorkoms wat nuwe produkte verkoop
- Bykomende waterglybane
- 'n Verskeidenheid seelewe in die akwarium
- 'n Dolfynvertoning en 'n plek waar kinders in die water kan speel

Daar is verskillende kaartjepakette vir *binne-* en *buiteseisoentye*. Die tempark het 'n nuwe webtuiste bekendgestel wat interaksie met besoekers via Facebook en Twitter moontlik maak.

Die uShaka Marine-wêreld bied aandvermaak aan. Hulle borg ook besoeke vir leerders, pensioenarisse en welsynsgroepe. Toegewyde personeel spandeer ure om waterpoele en uitstallings in stand te hou terwyl vrywilligers hulle tyd bestee om besoekers te help om die meeste genot uit hulle seewêreldervaring te put.

[Aangepas uit www.durban.gov.za]

Verwys na die gevallestudie hierbo en identifiseer EEN voorbeeld van hoe die tempark elk van die volgende faktore in ag kan neem:

- 4.4.1 Bemarking van die besienswaardigheid (2)
- 4.4.2 Skep 'n positiewe ervaring vir besoekers aan die besienswaardigheid (2)
- [26]**

VRAAG 5

5.1 Bestudeer die kaart en foto's hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

WÊRLDERFENISTERREINE IN SUID-AFRIKA

[Bron: commons.wikipedia.com]

- 5.1.1 Gebruik die prente hierbo om die Wêrelderfenisterreine (A tot D) op die kaart te identifiseer. Skryf slegs die naam van die Wêrelderfenisterrein langs die letter (A–D) in die ANTWOORDEBOEK neer. (4)
- 5.1.2 Noem EEN kulturele kriterium waaraan Terrein A voldoen het en EEN kulturele kriterium waaraan Terrein C voldoen het om as Wêrelderfenisterreine verklaar te kon word. (2 x 2) (4)
- 5.2 Bespreek DRIE maniere waarop die Suid-Afrikaanse toerismebedryf voordeel trek deur agt Wêrelderfenisterreine te hê. (3 x 2) (6)
- [14]**

VRAAG 6

Bestudeer die voorblad van die *INDABA*-nuusbriëf en beantwoord die vrae wat volg.

INDABA DAAGLIKSE NUUS – 2013/14

Uitgawe: 3 13 Mei 2013





INDABA 2014
Afrika se grootste reis skou 10 - 13 Mei

'n **DINAMIESE**
bemerkingsgeleentheid
vir Suid-Afrikaners





'Dit is tyd om **INDABA** te moderniseer en uit te brei. Ons visie as regering en Suid-Afrikaanse Toerisme is dat **INDABA** die platform vir uitstallers en kopers moet wees, nie slegs in en van Suid-Afrika nie, maar ook vir die hele Afrika-kontinent.'

Marthinus van Schalkwyk
Voormalige Suid-Afrikaanse Minister van Toerisme

- 6.1 Noem die Indaba-reis-en-handelskou se hoofteikenmark. (2)
 - 6.2 Behalwe die Indaba, noem EEN plaaslike handelskou en EEN internasionale handelskou waartydens Suid-Afrika aan die wêreld bekendgestel word. (2)
 - 6.3 Verwys na die opmerking hierbo wat deur Martinus van Schalkwyk, voormalige Minister van Toerisme, gemaak is. (6)
- (3 x 2) **[10]**

TOTAAL AFDELING C: 50

AFDELING D: TOERISMESEKTORE; VOLHOUBARE EN VERANTWOORDELIKE TOERISME

VRAAG 7

7.1 Bestudeer die advertensie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

- 7.1.1 Identifiseer die tipe toeristeaktiwiteit wat in die foto's hierbo uitgebeeld word. (2)
- 7.1.2 Themba is in die diens van 'n maatskappy met die naam Siviwe's Adrenaline Rush.
Noem EEN werksverwante risiko waaraan Themba daagliks blootgestel word. (2)
- 7.1.3 Verduidelik TWEE maniere waarop Themba se werkgewer kan verseker dat Themba se veiligheid nie in die gedrang kom terwyl hy sy werk doen nie. (4)
- 7.1.4 Siviwe's Adrenaline Rush doen die meeste van hulle besigheid buitenshuis.
Noem TWEE maniere waarop hulle die omgewingspilaar van volhoubare toerisme in hulle besigheid kan insluit. (4)

[12]


VRAAG 8

Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

HIDROBREKING

(Hidrouliese breking)

Dit is die metode wat deur gas- en oliemaatskappye gebruik word om natuurlike gas diep onder die oppervlak van die aarde te ontgin. Hulle pomp miljoene liter water en baie skadelike chemikalieë diep in die aarde in om ontploffings te veroorsaak. Die skalierots breek dan uitmekaar en die gas word vrygestel.



[Aangepas uit www.treehugger.com]

Hou op om met ons water te foeter!



Het jy geweet?
SKALIErots bevat natuurlike gas diep onder die oppervlak van die aarde.

Hidrobreking in die Karoo sal 'n ernstige bedreiging vir die omgewing inhou – WESSA

Volgens die Suid-Afrikaanse regering kan hidrobreking binnekort 'n werklikheid in Suid-Afrika word.

Die regering het 'n groot oliemaatskappy toestemming gegee om met hidrobreking in die Karoo te begin. Die regering het die publiek egter gepaai deur te sê dat hulle sal voortgaan om die omgewing en waterbronne te beskerm.

Rolspelers in die toerismebedryf en omgewingsbewustes waarsku dat dit verreikende gevolge vir toerisme kan inhou.

Wessa-bewaringsdirekteur, Garth Barnes, het gesê: 'Enige besoedeling of degradering in die Karoo kan rampspoedige ekologiese, maatskaplike en ekonomiese gevolge inhou.'

[Aangepas uit www.tourismupdate.co.za]

8.1 Bestudeer die hidrobreking bewustheidsplakkaat hieronder.

Hou op om met ons water te foeter!



Interpreteer die voorstelling en die boodskap oor hidrobreking wat op die plakkaat hierbo uitgebeeld word. (4)

8.2 Bestudeer die diagram van die hidrobrekiingsproses op die vorige bladsy.

Identifiseer die mees rampspoedige invloed wat hidrobreking op gastehuse en hotelle in die omgewing gaan hê. (2)

8.3 Hidrobreking ondersteun NIE die drie pilare van volhoubare toerisme NIE.

Verduidelik EEN manier waarop hidrobreking in die Karoo 'n negatiewe invloed op elk van die volgende pilare sal hê:

8.3.1 Maatskaplik (2)

8.3.2 Omgewing (2)

8.3.3 Ekonomies (2)

8.4 Volgens die regering sal hidrobreking positiewe gevolge hê.

Noem die voordeel van hidrobreking wat die algemeenste geglo word. (2)

8.5 Noem TWEE maniere waarop plaaslike gemeenskappe en toeriste hulle ontevredenheid met die beplande hidrobrekiingsaktiwiteite in die gebied kan wys. (4)

[18]

TOTAAL AFDELING D: 30

**AFDELING E: PLAASLIKE, STREEKS- EN INTERNASIONALE TOERISME;
KOMMUNIKASIE EN KLIËNTEDIENS**

VRAAG 9

9.1 Bestudeer die vloedigram hieronder en beantwoord die vraag wat volg.



Verwys na die diagram hierbo.

Gebuik die DRIE voordele wat in die diagram getoon word en bespreek die vermenigvuldigereffek van 'n wêreldgebeurtenis op 'n gasheerland. (6)

9.2 Enige wêreldgebeurtenis kan negatief deur veranderende weerpatrone beïnvloed word.

Noem DRIE negatiewe invloede wat swaar sneeuneerslae op 'n wêreldgebeurtenis kan hê. (3)

9.3 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

WÊRELD-BUITELANDSETOERISME-MARKTE 2011			
	Wêreld	Afrika	Suid-Afrika
Grootte	980 m*	50 m*	8,34 m*
Direktespandering-toerisme-ontvangste	VSA\$ 1,030 mj*	VSA\$ 32,6 mj*	VSA\$ 7,8 mj*
Daaglikse spandering	-	-	R1 070
Gemiddelde verblyf (nagte)	-	-	8,3 nagte
m* miljoen/mj* miljard			

[Aangepas uit www.statssa.gov.za]

9.3.1 Noem die grootte van die wêreldtoerismemark en die grootte van Suid-Afrika se toerismemark. (2)

9.3.2 Beveel TWEE maniere aan waarop toeristebesighede toeriste se gemiddelde daaglikse spandering kan verhoog. (4)
[15]

VRAAG 10

Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Beoordeel asb. ons hotel vir die volgende dienste:	HOTEL JAKARANDA			
	Uitstekend	Baie goed	Goed	Swak
Vriendelike groet en hulp van die deurwag	<input checked="" type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>
Kort wagtyd tydens inboek/inteken	<input checked="" type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>
Hoflik gegroet deur ontvangspersoneel	<input checked="" type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>
Huishoudingsdienste flink en bekwaam gedurende jou verblyf	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input checked="" type="radio"/>
'n Kwaliteit kamergeriewepakket (sjampoe, seep, ens.)	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input checked="" type="radio"/>
Vinnige kamerdiens-aflewering	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input checked="" type="radio"/>

- 10.1 Identifiseer die besigheidspraktyk wat deur hierdie vraelys hanteer word. (2)
- 10.2 Gee EEN rede waarom hierdie hotel die besigheidspraktyk wat in VRAAG 10.1 geïdentifiseer is, ingestel het. (2)
- 10.3 Bespreek die gas se terugvoer aan die hotel. (2 x 2) (4)
- 10.4 Beveel TWEE ingrypingsplanne aan wat die hotel moet implementeer om hulle dienslewering te verbeter. (4)
- 10.5 As 'n besigheidskonsultant, noem DRIE negatiewe invloede wat 'n swak beoordeling op hierdie hotel kan hê. (3)

[15]

TOTAAL AFDELING E: 30
GROOTTOTAAL: 200